28 April – 17 Mei

PHOEBE HEUNIS

'n Uitstalling van beeldhouwerk deur Phoebe Heunis word op Maandagaand, **28 April,** in die Bo-Galery van die S.A. Kunsvereniging, Kerkplein, Pretoria, om 8-uur geopen.

Hierdie beeldhoudster, afkomstig uit die Vrystaat (Bethlehem), 'n bekende kunstenares werksaam op Rustenburg en nou gevestig op Stellenbosch, put 'n groot deel van haar inspirasie uit die meeslepende musiek van Frankryk en die Iberiese Skiereiland – Debussy, Ravel, De Falla. Haar Rituele Vuurdans, geinspireer deur die musiek van dieselfde naam, is tipies van die ligte, liriese aanslag van hierdie kunstenares. 'n Foto daarvan verskyn hierby.

Sy is welbekend in Transvaal. Haar eerste eenpersoonsuitstalling was in 1960 in Johannesburg en daarna die tweede in Pretoria. Die klem het destyds geval op wat sy "dolomiek" noem – muurpanele van heeltemal oorspronklike styl en medium.

Maar dit was die besoek aan Spanje, en die kennismaking met Spaanse musiek, wat haar op die pad gestuur het na ritmiese verheerliking van die menslike liggaam. Die sukses daarmee het geblyk deur haar deelname aan die Transvaalse Akademie (Johannesburg) in 1964, en weer in 1965.

"The versatility of this sensitive artist can also be traced in her sculpture", skryf prof. Volschenk in **Architect and Builder.** "She depicts living form, always dynamic and full of rhythm. Her work is charged with a feeling which belongs to the dance itself, and in essence is an expression of the artist's knowledge of many feelings".

Ons is daarvan oortuig dat die Bo-Galery met sy sagte lig en intieme atmosfeer by uitnemendheid geskik is om Phoebe Heunis se digterlike skeppings ten beste te vertoon. Die tentoonstelling duur drie weke, wat al ons kunsliefhebbers in die Noorde in staat sal stel om die jongste werk van hierdie begaafde kunstenares deeglik te besigtig.

—J.F. Marais